[1]REEKS: DIE HUISGESIN VAN GOD
TEMA: DIE HUISGESIN VAN GOD VERSORG MEKAAR
21 Mei 2006, Ds Freddie Schoeman

[2]Ef 2:19

Een van die grootste voorregte wat ons as gelowiges het, is om deel te wees van 'n geloofsfamilie. God het ons deel gemaak van 'n gemeenskap van broers en susters. Ons sit vanoggend dus hier tussen familie. (Kyk rondom jou en jy sien jou broers en jou susters.)

Terselfdertyd is ons ook deel van 'n aardse familie. En dis ook wonderlik om deel te wees van ons aardse familie - dis ook 'n gawe en 'n seëning uit die hand van God. Daar is een baie groot verskil tussen hierdie geloofsfamilie en ons aardse familie. Ons aardse familie is baie broos. Dit word dikwels stukkend gebreek deur egskeiding, afstand, ouderdom en uiteindelik die dood.

Maar ons geloofsfamilie is vir ewig. In sy aarse gestalte is 'n geloofsfamilie natuurlik nie perfek nie - daar is ook maar konflik en twis en tweespalt en soms spat 'n gemeente uitmekaar - maar dis net wat die aardse gestalte daarvan aanbetref. Uiteindelik is ons verbondenheid aan ons geloofsfamilie ewigdurend. Mense sê bloed is dikker as water, maar die band tussen gelowiges is sterker en meer permanent as bloedverwantskap - want die band wat tussen ons as gelowiges gesmee word, word deur die bloed van Jesus gesmee.

In 1 Kor 12 sien ons hoe sterk hierdie band is. As ons hierdie hoofstuk mooi lees dan siens ons dat ons *lotsverbonde* is aan mekaar. Dit wat met die een gebeur raak die ander - *noodwendig*. Kannie anners nie! Ons lot is aanmekaar vas. [3] *As een lid ly, ly al die lede saam …* sê Paulus. En … *as een lid geëer word, is al die lede saam bly.* (1 Kor 12:26).

Paulus sê ook in hierdie hoofstuk dat ons mekaar nodig het en dat ons nie sonder mekaar kan klaarkom nie. Iemand kan byvoorbeeld nie sê: ek het die gemeente nie nodig nie. Net so kan iemand anders nie sê: die gemeente het my nie nodig nie. [4]

[21] Die oog kan nie vir die hand sê: "Ek het jou nie nodig nie." Die kop kan weer nie vir die voete sê: "Ek het julle nie nodig nie."

Ons het mekaar nodig en daarom is elkeen van ons noodsaaklik. Ons sê miskien dikwels: "Niemand is onmisbaar nie.", maar in die kerk is dit nie waar nie. [5]

15 As die voet sou sê: “Omdat ek nie ’n hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie,” hou hy om dié rede tog nie op om deel van die liggaam te wees nie. 16 En as die oor sou sê: “Omdat ek nie ’n oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie,” hou hy om dié rede eweneens nie op om deel van die liggaam te wees nie. 17 As die hele liggaam oog was, hoe sou hy kon hoor? En as die hele liggaam oor was, hoe sou hy kon ruik?

Ons mag miskien *dink* ons is misbaar, maar ons is nie. Ons het mekaar nodig - en as ons nie daar is vir mekaar nie, dan mis ons mekaar! Dan is daar 'n gaping, dan is daar 'n leemte, dan ontbreek iets! (Speletjie: "Willow in the Wind")

Omdat dit so is, dan is dit noodsaaklik dat ons op 'n bepaalde manier teenoor mekaar sal optree.

[6]Verlede week het ons gesien dat ons mekaar moet verdra, geduldig met mekaar moet wees, en dat ons mekaar moet vergewe soos God ons vergewe het. Dit is hoe die waarde van GENADE vergestalt word.

Hierdie week gaan dit oor sorg en die waarde van GEMEENSKAP. Ons verbondenheid aan mekaar impliseer dat ons vir mekaar moet sorg dra; ons moet mekaar versorg.

Om dit te kan doen, moet ons die gesindheid van 'n dienskneg aanleer. In die bo-kamer het Jesus sy dissipels se voete gewas en vir hulle gesê: Soos ek, julle Leermeester en julle Here, gedoen het, moet julle ook doen. Julle moet mekaar se voete was. Ons moet dus 'n voetewas mentaliteit aanleer. Ons moet die houding en ingesteldheid van 'n voetwasser, 'n dienskneg ontwikkel.

[7]In Galasiërs 6:2 sê Paulus: Dra **mekaar** se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus. Dit beteken dat ons moet mekaar se lewens moet ligter maak! Die lewe is partymaal baie swaar - ons word geroep om mekaar te help dra aan die swaar dinge van die lewe. Daar is baie dinge wat die lewe swaar maak:

- Werksomstandighede - die stryd om siel en liggaam aan mekaar te hou.
- Familie omstandighede - ons ouers / ons kinders

- Tragedies
- Siekte
- Misdaad

Ons word geroep om in al hierdie - en ander omstandighede - die lewe 'n bietjie ligter te maak vir mekaar.

Om mekaar se laste te kan dra, om mekaar se diensknegte te kan wees, om mekaar se voet te kan was, moet ons mekaar leer *ken*. Ek is redelik seker dat jy nie almal wat rondom jou sit se name ken nie. Ek gaan nie nou vra dat julle almal mekaar nou leer ken nie - maar ek gaan wel vra om 'n paar dinge te doen:

- Woon 'seblief die teegeleenthede by (Dankie Johan Bauer) by - dis 'n wonderlike manier om mekaar te leer ken. Miskien sê jy: "Ek drink nie saam tee nie want ek ken niemand nie." Wel dis juis die *rede* waarom jy dit juis moet doen!
- Woon 'seblief die blokbyeenkomste by! Die blokbyeenkomste is daar sodat ons in kleiner bloksverband mekaar kan leer ken. Ons kan mekaar nie help as ons mekaar nie ken nie en weet wat die nood is nie. (Misdaad - Pierre Hugo)
- Leer almal in jou wyk ken! Versoek aan die ouderlinge en diakens van elke wyk: gee 'n naamlys met kontakbesonderhede *van* elkeen in die wyk *aan* elkeen in die wyk. Neem dan daardie lys en sit dit op jou yskas. As jy hoor van nood / siekte (jou buurman of so), laat jou diaken / ouderling weet. (Gaan kyk op die kaart in watter wyk u val en kyk wie is jou ouderling of diaken - en as daar nie 'n ouderling of diaken vir die wyk is nie - dink daaraan of die Here jou nie dalk daarvoor roep nie! En dan nog 'n versoek aan die ouderlinge of diaken: as iemand jou dan laat weet as iemand siek is of hulp nodig het, laat die ander mense in die wyk weet sodat hulle kan gaan besoek en hulp gee as dit nodig is.

Let wel: dis nie die ouderling / diaken se werk om die dien, en die help en die omgee en die voete te was nie - dis elkeen in die wyk / gemeente se werk. Die Bybel sê die oudl en diak moet die ander <u>toerus en motiveer en organiseer</u> om dit te doen. (Ef 4:11 e.v.)

NBNB
Die Here het ons bymekaar gevoeg om hulpbronne - *bronne van hulp* - vir mekaar te wees. Elkeen van ons beskik oor klomp gawes, talente en vaardighede. (Ek praat nie nou oor wat die Bybel noem "geestelik gawes" nie - gawes wat die Gees vir ons gee wanneer ons kinders van

God word nie), maar van die talente waarmee ons gebore word en die vaardighede en kennis wat ons met die verloop van die tyd aangeleer het.

Dit het nie toevallig gebeur nie! Deur die loop van jou lewe het die Here met jou 'n pad gestap en dinge oor jou pad gebring. Hy het dit so beskik dat jy die geleenthede gehad het om jou vaardighede aan te leer en jou kennis uit te bou. Die gevolg is: Jy kan dinge doen wat ander nie kan nie. En daardie dinge wat jy kan doen wat ander nie kan doen nie - maak van jou 'n bron van hulp - 'n hulpbron - vir ander!

Daarom begin ons vandag met 'n baie besondere bediening: ons "helpmekaar bediening". (Skyfiereeks [8-12]) Meer inligting by die inligtingstafel.

Hoe werk dit? Skryf jou naam op 'n lys met jou spesifieke vaardigheid / kennis / vermoë - dit wat jy bereid is om te doen/gee vir iemand wat dit nodig het. Bou so 'n databasis (gawepoel) op. Hierdie gawepoel word dan beskikbaar gestel (op kennisgewingbord / webtuiste) sodat mense dit kan sien. Wanneer jy hulp nodig het - gaan kyk jy of daar nie iemand is wat jou kan help nie.

Finansieel	Geboue	Meganies	Huishoudelik	Admin
Gesondheid	Kuns	Audio / Visueel	I/T	

Jou gawe / vermoë kan ontwikkel tot 'n hele bediening. (Pierre Hugo)

Wat van professionele dienste? Nie noodwendig teen geen betaling.

SLOT